



# Rhus Keeti Avontuurkamp

19 - 26 Maart 2022

Goeiedag Verkenner,

Ek hoop elkeen van julle is gereed om hierdie jaar se Rhus Keeti Avontuurkamp af te skop! Kom verken saam met my die bosveld in die Waterberge en kom vind jou plek. My vraag aan jou is: **Hoe dra jy by?** As jy meer wil kom leer van jou menswees en hoe jy kan bydra, nooi ek jou hartlik uit om jouself te kom uitdaag hier in God-drie-enig se sitkamer! Nie net gaan ons saam leer nie, ons gaan ook hard en lekker saam speel. So, waarvoor wag jy? Kom vind uit hoe dra JY by!

Nou moet jy nog net kies vir watter kursus jy wil inskryf. Rhus Keeti bied hierdie jaar vir die eerste keer **Avontuur-Vasbyt** aan. **Avontuur-Vasbyt** is 'n avontuursport wat bestaan uit verskillende aktiwiteite waar deelnemers deelneem in spanne. Die spanne navigeer van kontrolepunt tot kontrolepunt terwyl hulle verskillende aktiwiteite voltooi en uitdagings oorkom. Kom leer en ervaar **Avontuur-Vasbyt** (R1 600) saam met mede-vories wat dieselfde belangstelling en liefde vir avontuur het as jy. (slegs vir graad 11 - 12).

Jy kan ook kom leer van die veld en oorlewing by **Veldvernuf** (R1 250) of kom beoefen jou strategiese beplanning en uitvoering by **Verfbal** (R1650) (slegs vir Graad 8's en 9's).

Verder kan jy in die natuurskoon voëls kom uitken by **Voëlidentifisering** (R1250). Vir die kunstige en moderne Verkenner, is daar kursusse soos **Fotografie** (R1250) en **Sterrekunde** (R1250) (oop vir alle grade).

Vir die senior Verkenners (Graad 10 - 12) is daar somer 'n klomp ekstra kursusse om van te kies. **Kampbeveiliging** (R1250) is een van jou opsies.



Die volgende senior kursusse vereis 'n 20% deposito om jou plek in die kursus te bevestig. Indien jy reeds jou leerling- of bestuurslisensie het kan jy jou bestuursvaardighede kom verbeter by **4x4 Veldry** (R1925).

Bergfiets (R1250), Gevorderde Boogskiet (R1910), Jag- & Wildbeheer (R1760) en Rotsklim (R1760) word ook weer op die kamp aangebied.



Ongelukkig is ons nog nie ontslae van Covid-19 nie en sal die nodige Covid- verwante protokolle, soos voorgeksryf deur wetgewing, in plek wees. Indien jy enige Covid-simptome toon, gaan jy nie mag saam kamp tensy jy 'n negatiewe PCR Covid-toets kan toon nie.

So, Verkenner, kom lewer jou bydrae en skryf aanlyn in vir die kursus van jou keuse by <http://inskrywings.voortrekkers.co.za>. Inskrywings open **4 Februarie 2022 om 13:00** en sluit op **4 Maart 2022 om 14:00**.

Busvervoer is beskikbaar teen R350. Die bus vertrek Saterdag, 19 Maart 2022 om 08:00 vanaf Die Voortrekker Monument en sal weer terugkeer na die Monument Saterdag, 26 Maart 2022.

Ek kan nie wag vir die geleentheid om 'n bydrae in elkeen van julle se lewens te maak nie. Sien julle binnekort!!

Voortrekkergroete,

Charl  
Kamplieier

